



3 Junie 2022

Geagte Ouers

PITKOS VIR DIE WEEK

2 Timoteus 3:16-17 - "Die hele Skrif is deur God geïnspireer en is nuttig om ons te onderrig, die verkeerde te weerlê, om ons tereg te wys en om die regte leefstyl by ons te kweek. Dit is God se manier om sy mense voor te berei vir hulle taak, ten volle toegerus vir elke goeie ding wat Hy wil hê hulle moet doen."

PERSONEEL

Verjaarsdae

Baie geluk aan die volgende personeel wat verjaar.

Juf. Leatitia van Druten – 9 Junie (Gr. 2V)

Franscina Tshweu – 12 Junie (Algemene Assistent)

Mag u 'n geseënde dag en jaar saam met u gesin en familie beleef.

BELANGRIKE DATUMS:

ALGEMEEN

Gr. 4- tot Gr. 7-eksamen

Die eerste week van die eksamen is agter die blad. Sterkte aan elke leerder met jul voorbereiding vir volgende week se vakke.

Ons wil u net herinner aan die volgende tye:

Donderdag, 2 Junie tot Maandag, 13 Junie sluit die skool vir Gr. 4 - 7 om **12:00** tydens die eksamen.

Dinsdag, 14 Junie – Skool sluit om **13:30**. Leerders gaan soos normaal wissel (Periodes 1 – 8) nadat hulle Lewensvaardigheid (Gr. 4 – Gr. 6 PSW) en Lewensoriëring (Gr. 7) geskryf het.





Dinsdag, 14 Junie tot Vrydag, 24 Junie – Die hele skool keer terug na **normale skooltye** tot en met die skool vir die vakansie **Vrydag, 24 Junie** sluit – Die tyd sal bevestig word.

GSF - LO & AKADEMIESE WERK:

Graad RR- tot 3-leerders volg vanaf **Dinsdag, 7 Junie** weer hulle normale rooster en gaan voort met nuwe skoolwerk. LO sal in aanvang neem op **Woensdag, 15 Junie** a.g.v. konsessie waarby juf. Leandri betrokke is.

Neem asseblief kennis dat leerders alleenlik op LO-dae met LO-klere mag skool toe kom, dus mag **GEEN** LO-klere volgende week gedra word nie.

REDENAARSKOMPETISIES -2022

Oppie-tong-af en RACA-deelname:

Gaan kyk asb. op Teams na die belangrike inligtingsbrief indien u kind/ers aan die skool se interne kompetisie deelgeneem het.

RUGBY

Die Rugbyseisoen is gestaak, behalwe vir die 0/9A- en 0/11A-spanne wat in die uitspeelrondes **Dinsdag, 7 Junie om 11:50 – 12:30** speel. Ouers wie kan ondersteun sal opreg waardeur word.

Ons het 'n wondelike harde kompeterende seisoen agter die rug. Ons glo dat al ons seuns hul seisoen geniet het en waardevolle lesse en tegnieke aangeleer het.

'n Opregte woord van dank gaan uit aan elke afrigter, leerder, ouer en grootouers, sowel as boeties en sussie en ander familieledede wat ons skool se seuns gedurende die seisoen ondersteun het. Dis ongelooflik lekker om die ondersteuning te beleef. Dankie dat u altyd gesorg het dat die seuns betyds by die wedstryde uitgekome het.

Ons Welpie-rugby was 'n reuse sukses en ons is bitter opgewonde oor die talent wat ons by die Welpies deur die massadeelname sien ontwikkel het. Dankie aan elke afrigter, ouer en familie wat die Welpies so getrou by al die wedstryde ondersteun het.





ROODIELAND SE OUPA- EN OUMADAG

Verlede Vrydagoggend was dit Roodieland se langverwagte oupa- en oumadag. Die oggend was heerlik en dit was so spesiaal om dit saam met elke Roodieland-kleuter se oupa en oma te kon geniet. Die maatjies het so mooi gelyk in hulle wit en blou met bypassende kleurvolle tutu's en kruisbande.

Clarice en Rooies van die Reënboogkidz het vir hope vermaak gesorg - oud en jonk was op hul voete en het lekker saam gesing en dans. Hulle het heerlike verversings geniet en kon bietjie onder mekaar saam kuier.

Daarna het Doné van Wyk - soos altyd - elke hart kom aanraak met haar boodskap en gesorg vir 'n raakleef oomblik. Sy het die oupas en oumas geïnspireer met die tema van die oggend: Blom waar jy geplant is, want dit is hier waar jy geplaas is!

Die hoogtepunt van die oggend was natuurlik toe oupas, oumas en kleuters 'n geleentheid kon kry om saam 'n plantjie te plant met 'n spesiale handgemaakte merkertjie. Elk kon hul plantjie huis toe neem.

Baie dankie vir elke liewe een wat die oggend saam met ons spandeer het!

Ons Roodieland-juffies het groot waardering teenoor julle!

LANDLOOP

Landloopoefening die week: **Maandag, Dinsdag en Donderdag: 14:00 tot 15:00**
#RoodieSport #RoodieLandloop

SKAAK

Skaaktye vir volgende week:

- Graad 1 – 3: Maandag en Woensdag: 13:00 – 13:45
- Graad 4 – 7: Woensdag: 12:00 – 13:00
- Beginnersklas op Dinsdag gaan normaal voort.

#RoodieSport #RoodiesKaak





HOKKIE

Na aanleiding van die terugvoer oor die hokkietoer van **15 tot 17 Julie**, het ons besluit om die toer **te kanselleer** a.g.v. die netbal wat nog in die vakansie plaasvind asook die Opvoedkundige toere wat op hande is. Alle gelde wat reeds betaal is, sal terugbetaal word.

Stuur asb. 'n e-pos aan jessica@roodekranslaer.co.za vir die reëlings rakende betalings.

#RoodieSport #RoodieHokkie

PRESTASIE BUIITE-SKOOVERBAND

Akrobatiese-dans

Die volgende leerders het **Saterdag, 28 Mei** aan die Sentraal-Gauteng Kampioenskappe vir Akro-sport deelgeneem.


- Amelie Raats behaal 'n eerste plek in vlak 7
- Mianke Strydom behaal 'n eerste plek.
- Donné Koekemoer behaal 'n derde plek.

Al 3 dogters verwerf Wesrand-kleure in Akro-sport. Amelie en Mianke gaan deur na die Interprovinsiale kompetisie wat later in Junie plaasvind.

Baie geluk en sterkte met julle voorbereiding Roodies is baie trots op julle!

#TrotseRoodies

Groete


HOOF